15 Augustus 2010

LEES: 2 Petrus 1:1-15
FOKUS: 2 Petrus 1:12-13, 15
TEMA: Nogmaals ’n herinnering

Votum en Groetseën

<u>Psalm 104:1</u> (Staan)

Waak op, my siel, en loof die HEER!

My God, U is uitnemend seer

verhewe in u majesteit,

U is bekleed met heerlikheid:

Psalm 104:2

u mantel is van sonneglans,

u troongewelf die bloue trans;

die solderwerk van u paleis

is in die wolke, hooggehys.

Psalm 104:19

Laat glorie sonder maat of perk

die HEER verbly uit al sy werk!

Hy, wat net kyk en - niks hou stand;

en as Hy slaan, staan berge aan brand.

Psalm 104:20

Ek wil terwyl ek lig geniet,

Gods grootheid sing in psalm en lied.

En die oorpeinsing van my gees -

mag dit Hom welgevallig wees.

Psalm 104:21

Al wie die HEER se lof mishaag,

laat hul soos stof voor wind vervaag!

My siel, wat uitsing tot Gods eer -

sing onvermoeid, en loof die HEER!

2 Petrus 1:1-15 (teks: 2 Petr 1:12-13, 15)
1 Van Simon Petrus, ’n dienaar en apostel van Jesus Christus. Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het. 2Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here! 3Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.

5En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense. 8As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. 10Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie.

11En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. 12Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is. 13Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe. 14Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. 15Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou.

Prediking:

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

Nagmaal

* Lees Formulier
* Formuliergebed

<u>Sb 12-2:1</u> (Staan)

Ek geloof in God die Vader

wat almagtig, wys en trou,

Skepper is van alle dinge

en dit nog in wese hou.

Ek geloof in Jesus Christus,

wat ons in aanbidding eer:

Eengeboorne van die Vader,

in sy hoogheid onse Heer.

Sb 12-2:4

Ek geloof, met stille aanbidding,

in die Heil'ge Gees wat my

in my sondedood gewek het,

my as Trooster leer en lei.

Ek geloof 'n heil'ge eenheid,

wêreldwyd, in Christus een,

wat sy roepstem sal vergader,

deur die lange eeue heen.

Sb 12-2:5

Ek geloof aan die gemeenskap

heilige verbintenis

van wie almal saam 'n eenheid,

in hul Heer een liggaam is.

Ek geloof die skuldvergewing,

weeropstanding van die vlees,

en 'n lewe in eewge duurte,

as die dood nie meer sal wees.

Bediening van die Nagmaal

Psalm 116:1

God het ek lief, want die getroue HEER

hoor na my stem uit vrye welbehae;

ek roep Hom aan in al my lewensdae,

Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Psalm 116:2

Om my was bande en strikke van die dood;

en angste van die hel het my laat bewe;

ek was benoud, vol droefheid was my lewe;

maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:

Psalm 116:3

"Ag, red my, HEER, na u beloftenis!"

Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;

Hy is die HEER wat goed is en regvaardig,

en vir sy volk groot van ontferming is.

Psalm 116:4

Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan.

'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.

Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming,

Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

Psalm 116:5

U het my siel weer van die dood bevry;

in droefenis droog U, o HEER, my trane;

U lei my voet langs nuwe lewensbane,

om in u lig te wandel, lewensbly.

Psalm 116:6

Ek het geglo toe ek, in smart gedaal,

dit uit moes spreek: "Ek is terneergeboë, "

en uit moes roep, deur sware smart bewoë:

"Die mens se woord is enkel leuentaal."

Psalm 116:7

Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?

Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?

Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade

en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Psalm 116:8

Al my geloftes, uitgespreek in nood,

sal ek betaal as ek voor U maag nader

en met u gunsvolk in u huis vergader.

Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!

Psalm 116:9

Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,

seun van u diensmaagd, in u diens gebore:

my bande is los; vir hoër diens verkore,

bring ek die offers, aan U toegeseg.

Psalm 116:10

Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys

te midde van die feestelike skare.

Jerusalem, ek hoor om jou altare

die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Psalm 145:1

U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid,

wil ek verhef vir ewig en altyd;

u Konings-eer wat alle krone oorstraal,

wil ek verhoog in onvermoeide taal.

Psalm 145:2

Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid

wat ooit sy lof in volle waarde uit!

Dit is 'n see waar niemand in kan meet,

dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

Psalm 145:3

Omdat, o God, in die geheimenis

vir ons vernuf geen grond of einde is,

daarom prys ons u werk, u daad van krag,

van kind tot kind, tot in die nageslag.

<u>Psalm 145:4</u> Die skitterglans wat uit u majesteit

u wonderwerk bestraal met heerlikheid,

gedugte krag wat ons van angs laat vrees,

u grootheid, HEER - dit sal my lofsang wees.

Psalm 145:5

Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink

en vir u heil die jubels op laat klink:

genadig, goed, lankmoedig soos weleer,

barmhartig en 'n redder is die HEER.

Psalm 145:6

Al wat deur Hom die aansyn mag geniet,

is met 'n stroom van goedheid mild oorgiet.

Daarbuite juig, gehoor en ongehoor,

sy kreatuur - 'n ganse skeppingskoor!

Psalm 145:7

Maar bo hul uit weerklink 'n ander prys:

Gods gunsvolk sing sy roem op klaarder wys,

dat elke volk kan hoor die groot gerug

van heerskappy wat wegdreun deur die lug.

Psalm 145:8

U magdaad blink - 'n son aan die gewelf!

U koninkryk is ewig soos Uself.

Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig,

wie neerstort, word deur U weer opgerig.

Psalm 145:9

Daar 's oë wat in sterk verlange smag,

hul wag op U, ja, alle skeps'le wag:

U spysig hul, u wonderhand alleen

versadig hul en strooi 'n volle seen.

Psalm 145:10

Die Heer is reg in al sy weg en werk,

sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.

Hy is naby die siel wat tot Hom sug,

Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

Psalm 145:11

Hy gee die wens van almal wat Hom vrees;

op hul geroep wil Hy 'n redder wees.

Sy hand verdelg die goddelose, maar

die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Psalm 145:12

Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...

Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!

Laat alle vlees vir ewig en altyd

sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

Danksegging
Formuliergebed

Wegstuurseën
Amen Amen Amen